
# 5 Aan U o God my dankgesange



By U laat ek met stil vertroue
al my bekommernis vannag;
u Gees sal my in dié vertroue
ook voortlei in die nuwe dag!
U self stel aan die Bose perke;
U het ons vir u diens bevry.
Laat doen ons, Heer, die goeie werke
deur Jesus vir ons voorberei.

U was my toevlug in gevare,
u hand het my gevoed, gelei;
U was in al wat ek ervaar het,
in voor- en teenspoed naby.
Deur nagrus wil U weer ons kragte
herstel, na liggaam en na gees;
U sluimer nie ook deur die nagte
sal U steeds die getroue wees.

Dank, Vader, dank vir u genade -
dis onverdiende guns aalleen!
Beoordeel U na reg my dade,
waar sal ek skuil, waar vlug ek heen?
Maar nee, ek mag, ek wil nie vrees nie,,
U spreek my vry om Jesus bloed;
ek sal nie meer bekommerd wees nie -
in Hom is rus vir my gemoed.

Ek weet aan wie'k my toevertrou hhet,
al wissel dan ook dag en nag;
ek ken die Rots op wie'k gebou het,
van wie ek al my heil verwag.
Eens aan die einde van my lewe
sal ek, van dood en sonde vry,
vir elke dag my hier gegewe,
U nuut my dank- en loflied wy.

Herman A. Bruining (1738-1811) Halle 1704